
TEMMERS VAN DIE WOESTYN-REEKS No. 17
PRONKBOEKE
BERG VAN VERRAAD
deur Braam le Roux

## INHOUDSOPGAAF


| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| I | Voorbodes van Onheil | 7 |
| II | 'n Stukkie Ivoor | 16 |
| III | Somber Môre | 25 |
| IV | Wind oor die Graf | 35 |
| V | Bly Daar Weg | 45 |
| VI | Groeiende Agterdog | 56 |
| VII | Die Verlate Kluis | 66 |
| VIII | Die Wolwe Tjank | 77 |
| IX | Opgekropte Haat | 89 |
| X | „Bulder, Berge!" | 100 |

# HOOFSTUK I

## VOORBODES VAN ONHEIL

DIE dik, vet, groot man staan breed in die deur. Hy leun teen die deurkosyn aan, terwyl hy 'n kromsteelpyp tussen sy geel tande vasbyt. 'n Swart snor pryk onder sy halwe krom neus. Langs hom staan Frans Wehrmann, die blonde Duitser, teen die muur van die vertrekkie aangeleun. Aan die anderkant van die groot, vet man staan Eben Hart, lank en skraal en met twee blou oë wat uittartend op die man daar by die tafel gerig is. Hy staan met sy duime onder sy leergordel ingedruk. Twee rewolwers steek by die bruin leerskedes aan sy heupe uit. Dit is geen gewone rewolwers nie, want hierdie vuurysters het wit kolwe, wit ivoorkolwe. Dit is nie elke man wat met sulke rewolwers kan spog nie.

„Dit is die laaste aanbod wat ek aan jou maak, Giep Jooste," sê die groot vette met 'n bulderende stem daar by die deur. „Ek bied jou 'n ronde duisend pond aan vir hierdie myntjie."

Die man wat by die tafel sit, oom Giep Jooste, skud egter sy kop.

„Nee, dankie, Schutte. Die myn is baie meer werd. Daar is nog baie erts en die fontein spoel genoeg goudstof uit om my driedubbel daardie bedrag in te bring in die eersvolgende jaar. Ek wys dus jou aanbod van die hand."

Louis Schutte, die groot vette, begin vinnig aan sy pyp suig en blaas die rook voor hom uit.

„Goed, Giep. Dit sal jou nog suur bekom."

„Is dit 'n dreigement?" vra 'n jong seun skielik. Hy het die hele tyd daar by die klein venstertjie gestaan en die drie man by die deur stip dopgehou, terwyl daar gepraat is. Sy een hand rus op die vensterbank en sy ander hand is gemaklik in sy sy, baie naby die

kolf van die rewolwer wat by 'n leerskede aan sy sy uitsteek.

Louis Schutte kyk blitsig na hom.

„Snuiters soos jy word gesien, maar nie gehoor nie," snou hy hom toe.

Giep Jooste staan op en hy rek hom uit. Daar is 'n glimlag om sy mond. Hy is van middelmatige hoogte maar skraal, byna maer, met lewendige bruin oë en 'n bruin kuif wat al lankal op die slape grys is.

„My seun het die reg om dit te vra, Louis; dit klink soos 'n dreigement. Kyk hoe staan julle daar, asof julle gereed is vir 'n stormloop, maar julle mors jul asems en jul tyd. Ek het hierdie myntjie ontdek en ek en my seun hier het dit begin ontgin en nou dat ons die kosbare goed teëgekom het, nou wil jy dit skielik koop. Dit is nie te koop nie, Menere!"

Giep Jooste se stem is vasberade. Hy gaan staan vlak voor die bonkige Louis Schutte.

„Alleen oor my en Gideon, my seun, se dooie liggame sal jy hierdie myn kry, Louis. Dus goeienaand, Menere!"

Eben Hart maak 'n geluid en Louis snork deur sy neus.

„Bid dat dit nie nog dalk oor julle dooie liggame gebeur nie, Giep. Jy vergeet dat ek baas is op Vuurklip. Jy is nog die enigste een wat my mag hier in die berge uittart."

Die groot man draai om en buk by die deur uit. Buite is dit maanlig. Die ander twee volg hom en 'n oomblik staar Louis Schutte terug na Giep Jooste in die deur. Sy gesig is in die skaduwees gehul, maar Giep weet dat daardie gelaatstrekke verwronge is van haat. Louis Schutte verafsku dit om verneder te word en die feit dat Giep en sy seun Gideon nie vir Louis Schutte bang is nie, is vir hom 'n vernedering, 'n verskriklike vernedering.

„Ek weet jy is 'n sterk man hier, Louis, maar ek gaan nie my myntjie wat ek onder groot gelag begin ontgin het, aan jou weggee nie. Dreig maar met die dood, Louis; jy het lank genoeg jou sin gehad. Dit is hoog tyd dat iemand jou teëstaan."



Louis Schutte antwoord nie. Hy sit sy voet in die stiebeuel en swaai behendig op die rug van sy spierwit perd. Die ander twee, Frans Wehrmann en Eben Hart, volg sy voorbeeld. Daar is 'n snaakse glimlag op Eben Hart se gesig. Gideon Jooste het hom nog nooit sonder daardie laggie gesien nie. Hy lag as hy iemand koelbloedig skiet; hy lag as hy moet huil; hy lag as hy voor die drinkbank in die kroeg staan en drink en hy het hom al so sien lag as hy kwaad is.

Daar gaan 'n koue rilling langs Gideon se ruggraat af. Hy hou nie van Eben Hart nie en hy hou nie van Louis Schutte nie, en tegelykertyd vrees hy hulle. Louis kraai koning hier in die omgewing van Vuurklip. Die boere is almal vir hom bang, hulle vrees hom en daarom gehoorsaam hulle hom altyd. Dit is hy wat vir hulle voorgeskryf het dat alle beeste net aan hom verkoop moet word. Hulle durf dit nie na 'n ander mark toe jaag nie. Die hemele bewaar hulle as hulle dit durf waag . . . dan sal al hul beeste sommer in een nag vrek—soos daardie nag toe Piet Niemand se prag-Afrikaners langs die pan doodgelê het. Iemand het gif in die water gegooi. Ja, Louis Schutte is die diktator van Vuurklip, en Vuurklip se mense vrees hom en doen wat hy sê. Dit het al 'n gewoonte vir die mense om Vuurklip geword om Louis Schutte, eienaar van die winkel en hotel op Vuurklip, te gehoorsaam. Gideon onthou die dag nog goed toe Bart Rossouw van Disselboom af gekom het om 'n winkel hier te open, 'n sinkgeboutjie oorkant die hotel. Dit was Frans Wehrmann, die Duitser wat na die winkel oorgestap en Bart Rossouw beveel het: „Teen sononder verwag Louis Schutte dat jy hier moet weg wees. Pak jou negosieware terug op die wa en trek . . . voordat die sonnetjie sy kop wegtrek!"

Bart Rossouw het gelag, maar om middernag was daar 'n groot brand in die enigste straat van Vuurklip. Die vlamme het hoog opgeskiet, gulsige vlamme wat al Bart se suurverdiende goedere verteer het.

Bart kon raai wie sy winkel aan die brand gesteek het, maar hy het geen bewyse gehad nie. Almal in die dorpie het ook geweet dat dit Louis en sy handlangers was wat dit gedoen het, maar hulle durf nie gepraat het nie, en buitendien het ook hulle geen onomstootlike bewys gehad dat dit Louis, Eben en Frans was nie.

Louis Schutte raps sy perd. Die dier snork en spring sierlik weg. Eben Hart en Frans Wehrmann volg hom op hul bruin ponies. Louis draai hom in die saal om en skreeu terug: „Tot siens, Giep . . . heel waarskynlik sien ons mekaar weer!"

Die ruiters gly met hul perde teen die afdraand af. Die klippe spat onder die hoewe van die diere uit. Gideon hou hulle dop totdat hulle in die leegte tussen die doringbome verdwyn. Hy staan buite. Sy vader staan in die deur. Hulle sê niks. Hulle luister net na die reëlmatige geklop van die perdehoewe. Dit trek ál verder en verder van hulle af weg, totdat die hoewegedreun so dof soos die kloppinge van Giep se eie hart word. Toe kyk jong Gideon na die donker berg hier agter hulle, na die bosse wat hier in die klofie af groei tot in die leegte. Hul huisie is skaars sigbaar teen die granietblokke reg agter hulle. Daar tussen daardie granietblokke is die skag wat hulle tot diep in die buik van die aarde ingegrawe het. Daar onder lê die rykdom waarvoor hulle soveel maande geswoeg en gesweet het en nou dat hul arbeid bekroon staan te word, nou kom Louis Schutte van hulle eis dat hulle die goudmyn moet verkoop.

Gideon skud sy kop en draai om. Hy sien sy vader daar in die deur. Sy vader draai sonder 'n woord om en gaan die vertrekkie binne. Sy seun volg hom, 'n atleties-geboude seun, met donker oë en hare soos dié van sy pa en 'n groot, oop gesig. Gideon het nou die dag sy eerste langbroek aangetrek. Sy vader het vir hom 'n rewolwer gekoop en hy het self die leersak gemaak waarin die wapen nou weggebêre is. Hy het met die ding leer skiet en het reeds al bedrewe daarmee begin word.



Giep Jooste gaan sit weer langs die tafel en sy seun maak die deur toe. Hy hoor hoe dat hy dit sluit en dan kraak die bed in die hoek soos Gideon daarop gaan sit.

Buite is die nag bedrywig. Nie ver van die houthuisie af nie, grom 'n tierboskat en hoër op blaf en huil 'n jakkals weemoedig. Hier by hulle is 'n koor van nagkakaders met hul krakerige musiek besig.

Gideon hou nie daarvan dat sy vader so stil moet wees nie. Hy weet as sy pa so stil is, dink hy diep.

„Pa . . . Pa, wat gaan ons doen?" verbreek Gideon skielik die stilte.

Sy vader draai hom in die stoel om. Die ou man lag sy sestienjarige seun toe: „Wat ons gaan doen? My liewe, Gideon! Daar is net een ding wat 'n Jooste kan doen. Ons bly hier en niks laat ons hierdie myn prysgee nie. Hoe kan jy nog vra wat ons gaan doen?"

Gideon antwoord nie en die stilte in die vertrekkie rus swaar op alles. Oom Giep staan op en hy stap na die venster. Hy kyk na sy vereelte hande en dan lag hy binnensmonds.

„Wat gaan ons doen! Natuurlik gaan ons hier bly . . . natuurlik gaan ons veg vir ons regte, vir ons eiendom. Nie 'n tree sal ons hiervandaan versit nie, Gideon. As dit so moet kom, veg ons vir die behoud van hierdie myn. Jy weet wat ons hierdie myn gedoop het—Elsie! Ons myn se naam is Elsie, vernoem na jou oorlede moeder. Gaan ons Elsie verkoop, sommer weggee? Nog nooit as te nimmer nie! Gideon, Louis Schutte kan hierdie myn eers syne maak as hy ons albei doodgeskiet het . . . eers dan . . . dit is sy enigste uitweg en ek gaan nie toelaat dat hy my eerste skiet nie, Gideontjie, my ou seun."

Gideon se pa is driftig. Sy gesig is rooi, opgewonde. Gideon voel soos sy pa, maar sy hart krimp ineen as hy hom so hoor praat. Hy weet dat sy vader dit bedoel, elke woord wat hy sê. Sy hart krimp ineen as hy aan die blitsige Eben Hart dink. Almal op Vuurklip sê dat Eben Hart nog nie sy moses met die rewolwer teëgekom het nie. Tot die Disselbomers is vir hom

doodbang, daarom kom hulle nooit hier nie. „Hulle is banger vir Vuurklip as vir die hel," soos oom Theo Merwe dit uitdruk.

Sy vader se gesig is hier by hom.

„Wat sê jy, Gideontjie?"

„Natuurlik, ek sê ook so, Pa. Dink Pa hulle sal ons hier kom molesteer?"

Oom Giep dink na.

„Nee, ek glo nie. Ek dink hulle sal wag totdat ons dorp toe gaan; dan sal hulle ons probeer voorkeer wanneer ons terugkeer myn toe . . . en . . . en miskien sal Eben Hart ons koelbloedig doodskiet in die veld, tussen die bosse en dan sal daar weer gesê word dat die berg-Griekwas ons doodgeskiet het . . . die Griekwas met hul gewere wat hulle by die Duitsers geruil het. Jy weet mos . . . so het Piet Niemand gesterf . . . op pad dorp toe. . . hulle het hom daar in die bosse gekry lê."

Gideon sidder.

„As Sampie net hier was, Vader. Hy skiet vinnig. Hy kon Hart dalk gewen het," waag Gideon dit.

„Moenie bang wees vir Eben Hart nie, Gideontjie . . . Eben is 'n lafaard en die Voorsienigheid is nie aan die kant van lafaards nie, van mense wat hul brood verdien deur ander te vermoor nie. Hoeveel het hy al hier op Vuurklip vermoor? Daar is Piet Niemand . . . dan die dronke wat Louis tot 'n tweegeveg uitgedaag het en daardie halfsimpele Maansie Wium wat gesien het hoe Eben Hart vir Piet Niemand skiet. Ja, Maansie moes sterf omdat hy gesien het dat Eben vir Piet in sy spore doodskiet en omdat Louis Schutte bang was dat die swaksinnige Maansie dalk iets op Disselboom sou gaan oordra."

„Stadig, Pa . . . ons kan dit nie bewys nie."

„Nee, ons kan dit nie bewys nie, ou seun."

Gideon weet dat as sy vader so te kere gaan, hy werklik swak voel, onmagtig teenoor die snelskieter Eben Hart en die bullebak Frans Wehrmann. Dit is 'n gevoel van magteloosheid wat sy vader so te kere laat gaan.



Die ou man draai weer om na sy seun toe.

„Ons hierdie goudmyn aan Louis Schutte verkoop! Is dit nie ek en jy en Sampie wat dag en nag gewerk het nie? Is dit nie ons wat die Boesmans hier uit die berge verdryf het nie, wat die Griekwas op hul plek gesit het nie? Is dit nie ons wat die dinamiet daar op Disselboom gaan haal het nie? Is dit nie ons wat die aarde stuk vir stuk weggeskiet het nie, Gideontjie? En was dit nie vir ons wat hulle gelag het nie, my seun? Vir ons drie! Later is Sampie Vrystaat toe. Ons weet dat hy president Steyn se magte teen die Basoeto's gaan help het. Ons weet hy kom weer terug en ons twee weet dat ek en jy en Sampie ons drieduisend pond uit hierdie myn gaan haal om ons plaas aan die Oranjerivier te gaan terugkoop . . . my ou boetie, hulle gaan ons nie hier wegkry nie, nie eers met warm lood nie, Gideontjie."

Gideon byt op sy lip. Hy weet hoe hard hy en sy vader gewerk het. Dit is waar wat hy sê . . . hulle kan nie nou verkoop en trap nie. Giep Jooste hou nog nie op nie. Hy swaai met sy hande, verhef sy stem, totdat hy hees word. Die lig van die kers agter hom op die tafel laat oom Giep se skaduwee groot en bonkig op die muur val . . . 'n springende, bewegende gestalte wat soos 'n oergrotbewoner hier teen die muur rond spring en gryp.

„Nog 'n jaar, my seun, en ons sal in staat wees om ons plaas terug te koop. Nog 'n jaar, dan kan ons die myn present weggee aan die gulsigaard, maar nie nou dat ons begin produseer nie, nie nou dat ons die vrugte van ons arbeid begin pluk nie."

Oom Giep breek af en dit is weer stil in die vertrek, doodstil.

„Dan moet ons oorgehaal wees, Pa. Dis haas tyd dat Pa Pa se rewolwer by Pa dra."

Giep Jooste klop sy seun op die skouer.

„So moet jy praat, ou seun. 'n Jooste is mos nie bang nie. Ek het al gesien dat jy raak skiet, Gideon. Jy is reg, ons moet op ons hoede wees."

Gideon staan van die bed af op en stap weer na die deur toe. Giep sien hoe dat sy seun se rewolwer hier langs sy sy swaai. Hy kyk Gideon met trots agterna. Gideon maak die deur oop en stap in die maanlig uit. Hy gooi die deur weer agter hom toe.

Daar lê diep groewe op oom Giep Jooste se voorkop. Hy buk en haal sy rewolwer onder die matras uit. Hy verwyder die magasyn en begin ingedagte, met bewende vingers, laai. Een keer sug hy. Hy weet dat hulle kanse teen Eben Hart maar skraal is. Hy voel ineens bang. Hy was vanaand al bang toe die boewe weer met daardie aanbod gekom het, maar hy mag nie vir Gideon wys dat hy bang is nie. Gideon het vertroue in hom.

Giep Jooste laai sy rewolwer klaar en sit dit dan op die tafel neer. Daarna neem hy die mauser in die hoek en sorg dat die magasyn nie leeg is nie. Hy gaan sit die geweer weer in die hoek neer. Hy hoop nou en hy bid . . . dat Louis Schutte nie moet besluit om „oor hulle dooie liggame" hierdie myn te kom afneem nie.

Gideon stap na die donker mynskag toe. Hy vertoef by die gapende opening wat na die goudstof en die erts lei. Hier lê harde arbeid, dink hy. Natuurlik het sy vader reg . . . hulle kan dit nie sommer so prysgee nie.

Hy besluit dat hy môre vroeg sal inry dorp toe. Hy moet dorp toe gaan. Dan sal hy sommer by oom Theo Merwe langs gaan. Oom Theo sal miskien raad weet. Oom Theo het al die kennis en die wysheid in pag. Naas sy vader, Giep Jooste, is oom Theo Merwe, die grofsmid van die dorp, ook nie gediend met Louis Schutte se tirannie nie.

Gideon dink daaraan dat hy vir Salomi Merwe ook lank laaste gesien het . . . baie lank gelede. Hy wens Salomi was liewer sy nooi, maar nou wag sy op Sampie, die broer wat twee jaar ouer as hy is en nou teen die Basoeto's veg.



Voordat hy weer in hul een-vertrek-huisie verdwyn, gaan kyk hy of die perde in die stal versorg is. Hy klop die diere teen die slanke, gespierde nekke; kyk of hulle genoeg hooi het om op te slaap en dan maak by die staldeur toe en stap in die helder maanlig terug na die houthuisie.

Gideon het nie baie geslaap nie. Af en toe het hy ingesluimer, maar hy was dadelik wakker wanneer sy vader op die bed roer. Sy ore was oop vir die geluide buite in die nag. Die krieke en die nagkakaders het egter nie een keer in die voornag met hul musiek opgehou nie en daarom het Gideon geweet dat daar niks buite naby hulle kluis ronddool nie.

Giep Jooste slaap altyd op die bed en sy seun slaap voor die bed op 'n karos.

Nog voordat die eerste bosduiwe behoorlik wakker was, was Gideon op. Hy het vuur gemaak en net toe die rooidag buite breek, het hy 'n koppie swart maar stomende koffie vir sy pa gebring.

„Môre, ou seun; goed geslaap?"

„Nog nooit beter gevoel nie, Pa—en Pa?"

„Ek is reg vir hulle, Boetie," het sy pa hom laat weet dat hy die Schutte-boel nog nie vergeet het nie.

„Pa, ek gaan in dorp toe vir die nodige proviand vir die week. Sal . . . sal Pa veilig alleen hier wees?"

Sy vader spring onder die komberse uit.

„Natuurlik, Seun. Ons gaan ons gewone gang. Jy moet nog dinamiet gaan koop. Buitendien, Eben Hart en Louis sal nooit in die dag aanval nie. Daarvoor is hulle te lafhartig."

„Pa moet onthou dat hulle juis sal kom wanneer ons hulle nie verwag nie."

„Dit is waar, Gideon, maar gaan gerus . . . Ek is seker hulle sal ons 'n week of wat laat rus . . . Schutte sal eers wag om te sien of ek nie na hom toe aanslenter om tog darem maar sy aanbod aan te neem nie. Maar hy sal hom oud wag daarvoor."